



VSA-DEBAT NADER KOOKPUNT

Kruise dalk na
Uniegebou

03

Boere dra meer
risiko

04

Só stem Oraniërs

05

Vrou oorleef
teregstelling

08

OMODA | JACOO
CENTURION

MINDER BRANDSTOF, MEER LEWE
MET ONS PHEV-REEKS

012 880 7009 | info@omodacenturion.co.za

120 Ivan Laan, Hennopspark

VSA-debat jaag temperature op

Redaksie

Die VSA se ambassadeur in Suid-Afrika word ingeroep, 3 000 wit kruise word in Washington, DC geplant en die Solidariteit Beweging maak vyf antwoorde op die VSA se vyf versoeke bekend. En terwyl die gebeure afspeel, kom dit aan die lig dat Suid-Afrika se minister van Openbare Betrekkinge en Samewerking, Ronald Lamola, se uitsprake by die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies gelei het tot 'n swaard oor Suid-Afrika se voortgesette deelname aan die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika (AGOA).

Intussen het die Amerikaanse ambassade in Suid-Afrika bevestig dat die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking diplomatieke stappe teen die Amerikaanse ambassadeur, Leo Brent Bozell III ingestel het. Dit volg nadat Bozell Pretoria in 'n openbare verklaring gevra het om aan vyf eise van die Trump-administrasie te voldoen. Die vyf eise sluit in die beskerming van eiendomsregte, die omkeer van die Onteieningswet en veranderinge aan die beleid oor breëbasis- swart ekonomiese bemagtiging in.

Washington wil ook hê die regering moet die "Kill the Boer"-lied veroordeel en stappe doen om veiligheid op plase en in landelike gebiede te verbeter.

Terwyl die VSA wag op antwoorde op die eise wat aan die Suid-Afrikaanse regering gestel word, het die voorsitter van die Solidariteit Beweging, Flip Buys, die uitvoerende hoof van AfriForum, Kallie Kriel, en die uitvoerende hoof van Solidariteit, dr. Dirk Hermann die afgelope week tydens 'n mediakonferensie vyf antwoorde op die VSA se vyf versoeke bekendgemaak.

Die Solidariteit Beweging sê in 'n gesamentlike mediaverklaring dat dié instellings se vyf antwoorde ten doel het om oplossings vir die politieke en diplomatieke geskil tussen die twee lande te vind.

"Ons is daarvan oortuig dat dit in Suid-Afrika se nasionale belang is om goeie betrekkinge met die VSA te handhaaf, net soos met ander moondhede. Die doel van die antwoorde is nie net om handelsbetrekkinge te herstel nie, maar ook om oplossings vir kritieke brandpunte in Suid-Afrika te vind. Ons wil dit duidelik stel dat ons uitgangspunt is om Suid-Afrika se kant te kies, en nie dié van die Withuis of Luthuli-huis nie. Ons voel ook sterk oor die handhawing van Suid-Afrika se soewereiniteit, maar glo dat dit nie gelyk gestel kan word aan die ANC se soewereiniteit nie. Kiesers het vir 'n regering van nasionale eenheid (RNE) gestem. Ons glo as die ander partye in die RNE by die formulering van buitelandse beleid betrek word, 'n oplossing vinnig binne die raamwerk van die Grondwet en 'n onverbonde buitelandse beleid gevind sal kan word."

Die Solidariteit Beweging se antwoorde kan soos volg opgesom word:

Raswette

Die regering moet instem dat raswette, soos wat internasionale konvensies bepaal, uitgefaseer word. Intussen moet rasneutrale ekwiteitsekwivalente, wat eienaarskapsvereistes vervang, vir sowel multinasionale as plaaslike maatskappye aanvaar word. Die ooreenkoms tussen Solidariteit en die regering, wat onder toesig van die Internasionale

Arbeidsorganisasie (IAO) bereik is, en wat beperkings op raswette in die werkplek plaas, moet in die Staatskoerant gepubliseer word.

Rasneutrale metodes van werknembermagtiging sal as voorkeurmeganismes vir bemagtiging deur eienaarskap aanvaar word. Mense se sosio-ekonomiese posisie, eerder as ras, sal gedurende die uitfaseringsproses as maatstaf gebruik word. Jongmense wat ná 1994 gebore is, sal ook as deel van die aangewese groep beskou word.

Landelike veiligheid

Die regering sal plaasmoorde en ander misdaad in plattelandse gebiede, soos bendegeweld en renosterstropery, tot prioriteitsmisdade verklaar. 'n Amptelike gemeenskapveiligheidsvennootskap moet gestig word waarin die SAPD, die privaat veiligheidsbedryf en gemeenskapsorganisasies soos AfriForum gelyke verteenwoordiging sal hê.

Die SAPD se bestaande landelikebeveiligingstrategie moet uitgebrei word om veel groter betrokkenheid deur gemeenskapsveiligheidsinisiatiewe moontlik te maak. AfriForum het reeds 'n omvattende gemeenskapsveiligheidsplan vir landelike veiligheid opgestel en aan die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse regerings oorhandig. 'n Nasionale gemeenskapsveiligheidsforum sal gestig word om die uitvoering van die Beveiligingsplan te monitor. Die Amerikaanse regering sal deur

Na bladsy 3

Ons is daarvan oortuig dat dit in Suid-Afrika se nasionale belang is om goeie betrekkinge met die VSA te handhaaf, net soos met ander moondhede.



Kallie Kriel, Flip Buys, Dirk Hermann

VSA-debat jaag temperature op (vervolg)

Van bladsy 2

die forum met befondsing, kundigheid en die verskaffing van toerusting help.

“Kill the Boer”

Die sing van “Kill the Boer” is, in die heden-dagse konteks, een van die ernstigste brandpunte. Daar moet ooreengekom word dat pres. Ramaphosa en senior regeringsleiers die sing van “Kill the Boer”, asook enige ander haatverwante slagspreuke teen minderhede, onvoorwaardelik sal veroordeel.

Ons beleving is nie dat 'n grootskaalse regeringsgedrewe volksmoord (In Engels: genocide) hier plaasvind nie, maar ons ervaar wel dat die ANC Afrikaners se voortbestaan teiken deur omvattende raswetgewing, die onderspeling van plaasmoorde, aanvalle op ons taal en kultuur deur wetgewing soos BELA, en die verbreking van ooreenkomste wat die

regering met ons daaroor aangegaan het.

Vlugtelingprogram

Die vlugtelingprogram bestaan reeds. Die regerings van die VSA en Suid-Afrika moet ooreenkom dat individue wat van die program wil gebruikmaak, toegelaat moet word om die proses sonder benadeling te volg. Minder as 1% van Afrikaners sal hulle waarskynlik in die VSA gaan vestig. Die Solidariteit Beweging is nie betrokke by hierdie program nie omdat ons glo dat ons toekoms in Suid-Afrika is en ons aan oplossings vir knelpunte hier werk.

Daar moet ooreengekom word dat 'n direkte kanaal tussen die Amerikaanse administrasie en die Solidariteit Beweging gevestig sal word, onder meer met die oog op die stigting van 'n Afrikanerontwikkelingsfonds. Dié fonds kan help met die ontwikkeling van opleidings- en kulturele infrastruktuur vir

die Afrikanergemeenskap.

Gesprekke sal ook tussen die Solidariteit Beweging en die Amerikaanse administrasie gevoer word oor die uitvoer van vaardighede na daardie land deur middel van aanlyn werk, sonder dat mense Suid-Afrika hoef te verlaat.

Onteiening sonder vergoeding

Die regerings van die VSA en Suid-Afrika neem kennis van die hangende hofsak in dié verband, maar is steeds van mening dat 'n skikking verkieslik is bo 'n hofsak. In die lig hiervan moet artikel 12(3) van die Onteieningswet geskrap word. Artikel 19(2) moet gewysig word om te voorkom dat grond onteien word voordat 'n hof 'n finale beslissing gelever het. Verdere wysigings moet aangebring word om te verseker dat eiendomsreg beskerm word soos deur die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal. **N**

Wit kruise nou na Uniegebou

Redaksie

Na afloop van die Witkruisprojek in Washington, DC het Lex Libertas gesprek gevoer met verteenwoordigers van die Withuis oor knelpunte in Suid-Afrika. Lex Libertas het die projek as 'n sukses beskryf, met duisende mense wat oor twee dae die uitstalling van 3 000 wit kruise ter nagedagtenis aan slagoffers van plaasmoorde in Suid-Afrika bygewoon het.

Dr. Ernst Roets, uitvoerende direkteur van Lex Libertas, sê die uitstalling het die hoogtepunt van die Witkruisprojek se program in Washington gevorm en is bygewoon deur lede van die publiek, ondersteuners van die projek, slagoffers en hul families, media-instellings, navorsers en verteenwoordigers van ideesentrums, asook verteenwoordigers van die Withuis, die Amerikaanse Staatsdepartement en ander regeringsdepartemente.

“Om al hierdie mense tussen die kruise te sien loop, te sien hoe hulle die name lees en na die verhale van slagoffers luister, was 'n buitengewoon aangrypende ervaring.”

Die 3 000 kruise is intussen van die terrein verwyder, op vragmotors gelaai en sal na Suid-Afrika verskeep word. Lex Libertas beoog om aansoek te doen om



toestemming om die uitstalling in Pretoria te herhaal, met die kruise wat voor die Uniegebou vertoon sal word. Roets het uit New York aan *Nuusweek* gesê dat hulle nog nie met die proses begin het nie en dat dit waarskynlik eers in volgende jaar sal gebeur.

Roets en 'n afvaardiging van Lex Libertas het die afgelope week ook met senior verteenwoordigers van die Withuis vergader om praktiese en langtermynoplossings vir die politieke krisis in Suid-Afrika te bespreek. Volgens Roets het die gesprek gefokus op die voorstelle in die *White Cross Project Campaign Report*, wat insluit waarom gebeure in Suid-Afrika relevant is vir Amerikaanse strategiese belange, wat die Suid-Afrikaanse regering onmiddellik kan doen om die huidige krisis op te los, en watter konstruktiewe stappe die Verenigde State kan oorweeg om hervorming en 'n meer volhoubare politieke skikking te ondersteun.

“Die vergadering het baie goed verloop. Wat van groter belang is, is dat die gesprek nie bloot gefokus het op wat in Suid-Afrika verkeerd geloop het nie, maar op wat daadwerklik daaraan gedoen kan word.” **N**

Vryemarkstigting: Risiko vir moorde is groter vir boere

Marelize Maré

'n Konsultant van die Vryemarkstigting se *Rule of Law*-projek sê boere in Suid-Afrika se risiko om tydens voorvalle van inbraak en roof vermoor te word, is aansienlik hoër as die nasionale gemiddeld.

Advokaat Mark Oppenheimer het dié bewering tydens 'n toespraak in Washington gemaak, waar hy oor plaasaanvalle, politieke retoriek en Suid-Afrika se regsreaksie gepraat het.

Hy sê data dui daarop dat die moordsyfer onder boere in sulke aanvalle ongeveer 100 per 100 000 mense is.

Dit is teenoor sowat 5 per 100 000 vir inbraak- en huis-rooftogte landwyd.

Oppenheimer sê plaasaanvalle word dikwels deur buitengewone geweld gekenmerk en dat die motief nie altyd roof is nie.



Mark Oppenheimer

Ramaphosa: Bewerings oor “wit volksmoord” benadeel ekonomie

Redaksie

President Cyril Ramaphosa het in sy weeklikse nuusbrieff skerp uitgevaar teen landsburgers wat na die buiteland reis en ongegronde bewerings oor wit volksmoord verkondig.

Volgens Ramaphosa benadeel dié uitsprake buitelandse kapitaalinvloei terwyl die plaaslike ekonomie reeds onder wydverspreide werkloosheid gebuk gaan. Hy het nie aangedui na wie hy met dié uitlating verwys nie.

Die uitlatings volg kort op die hakke van Lex Libertas se Witkruisprojek die afgelope week in Washington, DC.

Ramaphosa benadruk dat vryheid van spraak met aanspreeklikheid gepaardgaan.

Hy het 'n beroep op Suid-Afrikaners gedoen om optrede wat gemeenskappe polariseer, vreemdelinge haat en haatspraak te verwerp, en hul verbondenheid tot die grondwetlike waardes van gelykheid en menswaardigheid te herbevestig. **N**



Cyril Ramaphosa

BARNYARD
THEATRE
MENLYN

Vier jou

2026 JAAREINDPARTYTJIE

JAAREINDPARTYTJIE PAKKET OPSIES

BEAT THE BUDGET:
R5,100 vir 10 persone (R510 per persoon)
 Sluit 10 vertoningskaartjies, 1 hoenderbord, 3 pizzas om te deel en 2 drankbewyse per persoon in.

PREMIUM:
R725 per persoon
 Sluit 'n vertoningskaartjie, buffet en 3 drankbewyse per persoon in.

012 880 2727 | BARNYARDTHEATRE.CO.ZA

VF Plus soek kundiges om kragonderbrekings te bekamp

Redaksie

Die VF Plus het 'n inisiatief van stapel gestuur om ervare, afgetrede en dienende kundige tegnisi en ingenieurs bymekaar te bring om hul kundigheid aan te bied vir 'n tegniese adviespaneel om die kragkrisis in die Tshwane-metro die hoof te bied. Dit volg nadat 'n ontploffing by die Waltloosubstasie groot dele van die stad vir bykans twee dae lank sonder krag gelaat het.

Volgens Willie Spies, burgemeesterskandidaat vir die VF Plus in die Tshwane-metro, sal hierdie paneel die nuwe regering wat ná 4 November die bewind in Tshwane oorneem, bystaan om 'n bekostigbare instandhoudings- en 'n omkeerplan in werking te stel.

Hy reken dat die brand by die Waltloosubstasie, die skade aan die Njala-invoerstasie en die Tshwane-metro se besluit om lasvermindering toe te pas, is nie 'n toevallige tegniese voorval nie. Dit is die voorspelbare gevolg van jare se verwaarloosing, 'n tekort aan vakmanne en 'n bestuur wat waarskuwings ignoreer totdat die ligte uitgaan.

Spies sê Njala is 'n kernpunt vir die stad se grootmaatkrag, en wanneer transformator-kapasiteit daar verlore gaan, moet die metro elektrisiteit tussen wyke rantsoeneer om oorlading te



Willie Spies

voorkom.

“Dit is nie beplanning nie – dit is krisisbestuur. Die instel van lasvermindering en geteikende beurtkrag bevestig dat die hoofstad se kragnetwerk nie meer stabiel is nie.”

Gedurende Mei vanjaar het die VF Plus 'n waarskuwing gerig dat die elektrisiteitsnetwerk stelselmatig ineens stort.

Volgens Spies bedryf die metro 55 substasies van 132 kV, maar het destyds slegs 26 gekwalifiseerde tegnisi gehad wat op die hoëspanningsnetwerk mag werk – minder as een per twee substasies. Die voltooiingskoers vir kragfoute het tot 37% gedaal, met meer as 12 000 versoeke

wat langer as 90 dae agterstallig was. 'n Amptelike verslag van 1 Junie 2026 het self gewaarsku dat die netwerk 'n hoë risiko loop vir wydverspreide onderbrekings en swartkolle indien 'n primêre transformator faal. Daardie waarskuwing het nou werklikheid geword.

Spies sê die paneel se opdrag sal onder meer wees om 'n onafhanklike, deursigtige audit van die hoëspanningsnetwerk te doen, 'n prioriteitslys van herstelwerk en kapasiteitsherstel saam te stel wat binne die metro se middele uitvoerbaar is, en praktiese voorstelle te maak vir die aanstelling en ontplooiing van gekwalifiseerde vakmanne eerder as onnodige bestuurslae.

Verder sal die paneel ook veilige terugvoer en lasvermindering beplan totdat permanente herstel bewerkstellig is en saam met gemeenskappe en die private sektor sonkrag en mikronetwerke ondersoek waar die metro se netwerk nie vinnig genoeg herstel kan word nie.

“Die paneel sal op meriete saamgestel word en sal gereed moet wees om dadelik met werk te begin sodat 'n omkeerplan ná die verkiesing in werking gestel kan word.”

Belangstellendes met toepaslike hoëspanningservaring kan hul besonderhede en 'n kort samevatting van hul kundigheid stuur na WillieSpies@tshwane.gov.za. **N**

Oraniërs stem anders in komende verkiesing

Seugnet van Zyl

Dr. Wynand Boshoff, leier van die VF Plus in die Noord-Kaap, wat sedert 1993 in Orania bly, sê hy tree as Orania se ambassadeur in Suid-Afrika op.

“My politieke loopbaan gaan oor een ding: die Afrikanervolk se vryheidstrewer. Ek is in 2019 en 2024 hoog genoeg op die VF Plus se nasionale lys geplaas om tot die parlement verkies te word. Dit is 'n voorreg, want naas parlementêre verpligtinge, gee dit my die kans om as Orania se ambassadeur in Suid-Afrika op te tree.”

Na bladsy 6



Oraniërs stem anders in komende verkiesing (vervolg)

Van bladsy5

Volgens Boshoff is Orania landwyd een van die VF Plus se beste stembusse.

Joost Strydom, uitvoerende hoof van die Orania Beweging, sê die VF het Orania se belang al suksesvol in die Noord-Kaap in onderhandelings en debat verteenwoordig.

Strydom sê dié party ondersteun ook Orania se idee van selfbeskikking.

Ondanks dié ondersteuning speel die party volgens Strydom nie 'n direkte rol in Orania se plaaslike owerheid nie.

Hy verduidelik die Orania Beweging het sedert sy ontstaan sy eie plaaslike owerheidsbedeling.

“Dis 'n dorp in Suid-Afrika, maar buite die normale munisipale bestel. Die Orania Verteenwoordigende Raad (OVR) is Orania se eie plaaslike owerheid. Daarbinne staan slegs onafhanklike kandidate en geen politieke partye nie. Die kandidate staan dus om Orania en Oraniërs te verteenwoordig en nie 'n party nie.”

Die OVR het ná sowat twee jaar van

navorsing, voorbereiding en openbare insette vanjaar 'n nuwe grondwet vir dié dorp in die Noord-Kaap aanvaar.

Strydom sê ingevolge die nuwe grondwet word die OVR deur demokraties gekose persone en deur verskillende grondeienaarsverenigings in die groter Orania saamgestel.

“Dit is steeds baie relevant, want Orania is 'n unieke plaaslike owerheid met 'n unieke verordening.”

Boshoff sê Orania het 'n eiesoortige plaaslike regering, wat nie heeltemal binne die raamwerk van plaaslike regering in Suid-Afrika staan nie.

“Die OVR is die liggaam wat namens Orania met ander owerhede skakel en is Orania in politieke gestalte.”

Volgens Boshoff neem 'n groot getal Oraniërs wel aan die nasionale en provinsiale verkiesings deel.

“Terwyl Orania se munisipale status 'n omstrede saak is, ontken niemand dat ons deel van die Noord-Kaap of van Suid-

Afrika is nie. Volgens die afbakeningsraad se kriteria kan dit nie 'n lewensvatbare munisipaliteit wees nie – en tog is dit. Die Orania Dorpsraad lewer doeltreffende dienste, samel sy diensterekeninge in, betaal krediteure so gereeld soos klokslag en is een van die min plattelandse dorpe wat steeds nuwe beleggings lok. Daarom is daar geen behoefte by Oraniërs om ons eie plaaslike regering, sonder partypolitiek, vir iets anders te verruil nie.”

Boshoff sê Orania word beskou as 'n oorlegsone binne die Thembelihle-plaaslike munisipaliteit.

“Dit beteken dis 'n gebied met spesiale reëls. In hierdie geval behels dit geen wedersydse fiskale verpligtinge nie. In eenvoudige taal hoef Thembelihle geen dienste aan Orania te lewer nie en Orania hoef geen belasting aan Thembelihle te betaal nie. Oraniërs wat wil, kan daar ook stem. Orania val in wyk 6, 'n wyk van omtrent 130 km van oos tot wes en 80 km van noord tot suid. Dit is tans 'n VF Plus-wyk.” **N**



25%

afslag

op Nuusweek-regskennisgewings



Om jou regskennisgewings te adverteer, stuur nou 'n e-pos na
adverteer@pretoriafm.co.za



Jou regskennisgewings word in Pretoria FM se e-publikasie, Nuusweek, asook op ons webblad gepubliseer



Om toegang tot die regskennisgewings te verkry besoek www.nuusweek.co.za

Nuusweek

Regskennisgewings

KROONE

Cruise 2027

 29 JAN. TOT 1 FEB. 2027

 OP DIE MSC ARMONIA

 DURBAN > PORTUGESE EILAND



BESPREK NOU BY
WWW.MSCCRUISES.CO.ZA



LEAH | ZAAH SONNEKUS | TASCHÉ | BOBBY VAN JAARSVELD | KURT DARREN | LIEZEL PIETERS | REFENTSE | AMPIE | ARIANA VENUS | ELOFF







Massaskietvoorvalle eis reeds 100^{de}

Seugnet van Zyl

Meer as honderd mense is reeds vanjaar in massaskietvoorvalle in die land dood.

In drie massaskietvoorvalle die afgelope naweek is minstens 31 mense doodgeskiet. Terwyl mense by 'n kroeg in Wedela naby Carletonville, Gauteng, gesit en kuier het, is 18 mense voor hulle oë doodgeskiet. In die Wes-Kaap is 10 mense in Lwandle in die Strand, vier in Site C, Khayelitsha, en twee in Joe Slovo-park doodgeskiet.

Ian Cameron, die DA se woordvoerder oor die polisie en voorsitter van die portefeuljekomitee, sê dat die massaskietery waarin 31 mense die afgelope naweek dood is, hom veral bekommerd maak oor die polisie se vermoë om gemeenskappe volhoubaar teen hierdie misdaadnetwerke te beskerm.

“Dit gaan oor ondersoekvermoë en intelligensie, maar ook oor integriteit.”

Cameron sê data van die Global Initiative Against Transnational Organized Crime (GI-TOC) toon dat beweerde samewerking tussen polisieledes en bendes ondersoek ondermyn en gemeenskappe se vertroue vernietig, onder meer deur lede van die SPAD wat inligting oor getuies en polisie-optrede aan misdadigers uit te lek.

“Mense is vreesbevange om misdaad aan te meld of te getuig omdat hulle vergelding vrees. Ons kan nie bloot vir mense sê: Kom vorendag met getuienis, as hulle nie vertroue het dat hul identiteit veilig sal bly en dat die staat hulle en hul

gesinne doeltreffend sal beskerm nie. Dit is onredelik om van 'n inwoner te verwag om daardie gevaar alleen te dra.”

Hy sê getuiebeskerming moet ook geloofwaardig en toeganklik wees.

“GI-TOC beklemtoon vertroulike rapporteringskanale, sterker formele getuiebeskerming en beter beveiliging by howe. Beskerming moet reeds begin wanneer 'n bedreiging aangemeld word, met 'n behoorlike risiko-evaluering en praktiese veiligheidsmaatreëls.”

Volgens Cameron is die tydsberekening van die naweek se aanvalle kommerwekkend, maar daar is geen bewyse dat dit gekoördineer was nie.


“Ondersoekers moet deur getuienis, ballistiese ontleding en intelligensie vasstel of daar enige verband is. Wat hierdie aanvalle wel blootlê, is hoe kwesbaar gemeenskappe vir gewapende misdaad geword het.”

Hy sê elke aanval moet op sy eie getuienis beoordeel word.

“In Wedela ondersoek die polisie 'n moontlike konflik tussen onwettige mynnetwerke. In Lwandle is 'n moontlike sakekonflik genoem. Dit is ondersoekrigtings, nie bewese motiewe nie.”

Cameron wil intelligensiegedrewe polisiëring en vervolgingsgeleide ondersoek sien wat die hele netwerk teiken.

“Dit sluit in die skietters, opdraggewers, finansiers, wapenverskaffers en enige



Ian Cameron

korrupte amptenare wat hulle beskerm. Die polisie het ondersoek en soektogte geloods, maar die werklike toets is of die verantwoordelike mense opgespoor gaan word en of sake tot skuldigbevindings sal lei.”

Wat sulke ondersoek volgens hom bemoeilik, is dat speurders nie werkende voertuie, betroubare kommunikasie, hanteerbare werksladings en tydige forensiese ondersteuning het nie.

Cameron sê die probleem strek verder as die dodetal.

“Wanneer misdaadnetwerke bepaal wie mag sake doen, wie mag praat en wie veilig is, word hele gemeenskappe deur vrees beheer. Die staat moet daardie beheer breek en mense se vertroue verdien deur beskerming, behoorlike ondersoek en die toepassing van geregtigheid.” **N**

Gryskrag: SASSA-toelaes moet nie van uitgerekte kaartproses afhang nie

James Kemp

Gryskrag doen namens ouer persone 'n beroep op die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Sekerheid (SASSA) en Postbank om dringend te verseker dat ouer persone wat nog nie 'n swart Postbank-kaart ontvang het nie, sonder verdere onnodige oponthoud toegang tot hul toelaes kry.

Die sperdatum vir die vervanging van goue SASSA-kaarte was reeds 31 Augustus

2026. Postbank sê toelaes word steeds in begunstigdes se rekeninge inbetaal, maar iemand wat nog 'n goue kaart gebruik, moet eers die nuwe kaart bekom voordat die geld toeganklik is. Die voorsitter van Gryskrag, Ina Wilken, sê vir 'n senior wat van daardie toelae afhanklik is vir kos, vervoer, verblyf of medisyne, is die verskil tussen geld in 'n rekening en geld wat gebruik kan word, wesenlik.

Na bladsy 8



Ina Wilken

Gryskrag: SASSA-toelaes moet nie van uitgerekte kaartproses afhang nie (vervolg)

Van bladsy 7

“Hierdie frustrasie het ’n geskiedenis. Die kaartvervangingsproses is reeds in 2025 gekenmerk deur veranderende sperdatums, lang toue en stadige stelsels. Berigte het oer persone beskryf wat ure lank sonder voldoende sitplek moes wag en soms onverrigter sake huis toe is. In Augustus vanjaar het Postbank ook ’n tydelike kaarttekort by ’n uitreikpunt in George beleef. Die parlement se portefeuljekomitee oor maatskaplike ontwikkeling het kort voor die jongste sperdatum spesifiek kommer uitgespreek oor oer persone en mense met gestremdhede wat sukkel om die proses te voltooi.”

Die Wysigingswet op Ouer Persone 1 van 2025 is op 6 November 2025 afgekondig, wat beteken dat die wetgewende hersiening afgehandel is. Byna elf maande later dui die regering se register egter steeds aan dat die datum waarop die wysigingswet in werking tree, nog deur die President geproklameer moet word. Gryskrag het intussen ’n vertoë gerig om

die proses te bespoedig, maar het nog nie antwoord daarop ontvang nie.

“OnsradiePresidensieendeDepartement van Maatskaplike Ontwikkeling om die stand van die proklamasieproses so gou moontlik bekend te maak, enige oorblywende struikelblokke te verduidelik en ’n tydraamwerk vir inwerkingtreding te gee,” sê Wilken.

Wilken sê verder dat die onderskeid tussen afkondiging en inwerkingtreding saak maak.

“Die wysigingswet bevat onder meer ’n bepaling wat vereis dat openbare diensfasiliteite en dienspunte voorkeur aan ouer persone gee. Die bepaling is nog nie in werking nie. Dit is dus nie nog ’n afdwingbare reël terwyl die proklamasie hangend is nie. Intussen bly die oorspronklike Wet op Ouer Persone 13 van 2006 van krag. Artikel 5(3)(b) bepaal dat verdragings in handeling of besluite wat ’n ouer persoon raak, sover moontlik vermy moet word.” **N**

Slegs 44% van SASSA-personeel op kantoor

Die Suid-Afrikaanse Maatskaplike Sekerheidsagentskap funksioneer tans met slegs 44% van die vereiste personeel by sy 275 plaaslike kantore.

Die minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Dina Pule sê daar is 4 499 gevulde poste uit ’n goedgekeurde 10 328 poste, wat beteken 5 829 poste is vakant.

Dit dra by tot lang wagtye. Die gemiddelde wagtyd by SASSA-kantore was in die eerste kwartaal van die 2026/27-boekjaar 161 minute, teenoor ’n teiken van 90 minute.

KwaZulu-Natal het die langste gemiddelde wagtyd van 180 minute aangeteken, terwyl die Noord-Kaap die kortste op 125 minute gehad het.

SASSA beplan om tussen September en November 261 vakante poste te vul.

Vrou oorleef doodstraf

Redaksie

Christa Pike sou die afgelope week die eerste vrou in 200 jaar word om die doodstraf in Tennessee te ontvang, maar ná twee dodelike inspuitings het sy hoorbaar gesnork en is sy na ’n hospitaal geneem vir behandeling.

Pike is in 1996 die doodstraf opgelê vir die moord op Colleen Slemmer. Pike, haar kêrel, Tadaryl Shipp, en een van haar vriendinne, Shadolla Peterson, het Slimmer na ’n verlate stoomaanleg naby die Universiteit van Tennessee gelok waar sy aangeval is. Volgens hofgetuie is Slemmer vir 30 minute lank gespot, geslaan en gesny. Shipp het ’n boksmes



Christa Pike

gebruik om ’n pentagram op haar bors te kerf terwyl sy nog lewendig was. Daarna het Pike Slemmer se skedel met ’n groot

stuk asfalt stukkend geslaan en haar doodgemaak. Pike het ’n stuk van Slemmer se skedel gehou.

Pike se regspraak het ’n noodaansoek ingedien om die teregstelling te keer terwyl dit aan die gang was en aangevoer dat sy bewusteloos geraak het maar nog ’n hartklop het en hoorbaar snork.

’n Uur voor Pike se teregstelling sou plaasvind het die appèlhoof die doodsvonnis omgekeer. Die Amerikaanse hoogste hof het dit ure later weer ingestel waarna die poging tot teregstelling Woensdagaand omstreeks 20:00 plaaslike tyd by die Riverbend Maximum Security Institution in Nashville plaasgevind het. **N**

Jou gunsteling immuunversterker, IMMUNADUE
Nou SLEGS R119.99 by Dis-Chem





Telkom
RADIO
—  AWARDS

Stem vir
PretoriaFM
en staan 'n kans om
R40 000
te wen


Stem by
www.radioawards.co.za
en klik op
MyStation Competition

Eerste skenkerleweroorplantings by Raslouw Private Hospital

Redaksie

Raslouw Private Hospital het sy eerste twee lewende skenkerleweroorplantings suksesvol uitgevoer. Hierdie historiese mylpaal plaas die hospitaal in 'n uitgesoekte groep mediese sentrums wat in staat is om hierdie prosedure uit te voer.

Volgens 'n verklaring wat deur die hospitaal uitgereik is, is die deurbraak is die direkte resultaat van 'n uitgebreide internasionale opleidings- en vaardigheidsoordraginisiatief. Die chirurgiese span, onder leiding van dr Imraan Sardiwalla, hoof- hepatobiliêre chirurg, en dr Neha Kumar, oorplantingschirurg, het onlangs teruggekeer van intensiewe oorsesegeenootskappebytoonaangewende internasionale oorplantingsinstitute, waar hulle gevorderde ex situ- en lewendeskenker- chirurgiese tegnieke bemeester het. Volgens die verklaring is 'n lewendeskenkerleweroorplanting een van die ingewikkeldste operasies in moderne geneeskunde, wat vereis dat twee hoogs gekoördineerde chirurgiese spanne gelyktydig opereer.



Een span verwyder noukeurig 'n gesonde gedeelte van die lever van 'n lewende skenker, terwyl die tweede span die ontvanger se siek of falende lever verwyder en die nuwe lewergedeelte implant. As gevolg van die lever se unieke vermoë om te regenerere, word verwag dat beide die oorblywende gedeelte

van die skenker se lever en die nuwe lewergedeelte van die ontvanger binne 'n paar maande tot volle funksionele kapasiteit sal groei.

Dr IO Ebrahim, hoof- uitvoerende beampte en stigter van Raslouw Private Hospital, sê beide die oorplantingsontvangers en hul onderskeie skenkers herstel goed en word noukeurig deur Raslouw Private Hospital se toegewyde multidisciplinêre intensiewesorgspan gemonitor.

“Hierdie prestasie verteenwoordig 'n reusesprong vorentoe, nie net vir ons hospitaal nie, maar ook vir Suid-Afrika se breër oorplantingslandskap. Orgaanskaarste bly 'n kritieke uitdaging in ons land, en die uitbreiding van toegang tot lewendeskenkerprogramme bied 'n lewensbelangrike reddingsboei aan pasiënte met eindstadiumlewersiekte. Die sukses van hierdie eerste twee operasies is 'n bewys van die wêreldklas kundigheid, streng voorbereiding en onwrikbare toewyding van ons chirurgiese en kliniese verpleegkundiges.” **N**

Promosie-artikel:

Buys doen beroep op mense om nalatenskap te los

Flip Buys, voorsitter van die Solidariteit Beweging, het op 29 September 2026 tydens die Helpende Hand Studietrust se Sakeontbyt 'n sterk beroep op mense gedoen om 'n blywende nalatenskap te laat.

Die geleentheid, wat in samewerking met Akademia aangebied is, het op Akademia se Leriba-kampus in Centurion plaasgevind. Sakeleiers is genooi na 'n inspirerende oggend waar gassprekers soos Dawie Roodt, dr. Steve Booysen, Hannes Noëth en Flip Buys die waarde van nalatenskap onder die loep geneem het.

Die Studietrust bied jaarliks studiehulp van R75 miljoen aan meer as 1 200 studente. Buys het benadruk dat 'n samelewing slegs kan vooruitgaan as elke geslag vir

die volgende een leef.

“Studiehulp is die beste moontlike belegging. Hierdie studiehulp is 'n helpende hand, en nie 'n bedel-hand of 'n eis-vuis nie,” het Buys gesê. Terwyl NSFAS (Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente) gereeld in die nuus is vir wanbestuur, spog die Studietrust met 'n merkwaardige 99%-terugbetalingskoers.

“Dit beteken dat die geslag wat ons nou help, ook begryp dat elke geslag vir die volgende geslag moet leef, want met elke terugbetaling, word 'n volgende student weer gehelp. Gratis studie is op die lange duur alles verniet,” het Buys verduidelik.

Volgens hom spruit huidige voorspoed uit voorouers se kulturele beleggings, wat nou opnuut aangevul moet word deur 'n



Flip Buys

Sol-Tech en Akademia te bou. “Kultuur is 'n verbond tussen geslagte – 'n agting vir die vorige, 'n liefde vir die volgende en 'n verantwoordelikheid vir beide.”

Die Studietrust is bepalend vir die sukses van die nuwe kampus en Buys het 'n beroep op almal gedoen om dr. Anton Rupert se woorde uit te voer: “'n Klein volk moet groot dink en groot doen.”

Maak 'n donasie – of eerder 'n belegging **hier! N**

P^{FM}
Pretoria

25%

afslag

op Nuusweek-regskennisgewings



Om jou regskennisgewings te adverteer,
stuur nou 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za



Jou regskennisgewings word in
Pretoria FM se e-publikasie,
Nuusweek, asook op ons
webblad gepubliseer



Om toegang tot die
regskennisgewings te verkry
besoek

www.nuusweek.co.za

Nuusweek

— Regskennisgewings —

Bepalings en voorwaardes geld.

Lesers se beurt

Hier kry lesers die geleentheid om hulle sê te sê oor van die warmste onderwerpe van die afgelope week.

Daar was heelwat reaksie op die 3 000 wit kruise wat die afgelope week in Washington opgerig is ter herdenking aan boere wat op plase vermoor is. Hier is wat lesers daaroor te sê gehad het:



Karien Jacobs

Wat 'n absolute tragiese geskiedenis. Skandvlek op Suid-Afrika. En dan is daar sowaar mense wat dit wil ontken. Dus nog meer hartseer.

Reinette Reyneke

En elke naam word deur die span nagegaan, of dit 'n werklike plaasaanval was, met die nodige saaknommer (waarvan die meeste nog geen hof gehaal het nie) nuusberigte, en kontak met die familie om die ware feite na te gaan (wat ook gewoonlik heelwat anders lyk as die berigte).

Bence Coetzer

Wys die wêreld die waarheid!!!!

Jessie du Plessis

Ons stap die pad hand aan hand saam met ons Skepper

Al verstaan ons nie altyd nie, bly ons geloof sterk want Hy verwag dit van ons.

Die dokter sê my hart het vergroot; ek sê, dok, my hart het vergroot vir my mense. Ek is so trots op almal wat hard veg vir die lewens van ons mense.

Marthie Brits

Dis 'n baie hartseer werklikheid in ons geskiedenis.

Ek het hierdie week met iemand gesels wat 'n wreedaardige plaasaanval oorleef het. Dis BAIE, BAIE hartseer.

Therese Bunge

Dankie vir wat julle doen. En nog gaan die liberale dit ontken. Kan hierdie klomp nie die waarheid hiervan sien nie? Ja, niemand is so blind vir die waarheid nie.

Madelein Liddle

Ek het die dokumentêr gekyk en dit is behoorlik 'n eye opener. Hoop almal gaan moeite doen om dit te kyk. Ons regering lieg oor baie meer as net plaasmoorde.

Emelia Kavallieratos

Wonderlik. Elke kruis is 'n Boer se lewe, gesteel, weggeruk. Dit is baie hartseer.

Ons wil graag van jou hoor.

Stuur gerus jou kommentaar of briewe van nie langer as 200 woorde na nuusweek@pretoriafm.co.za.



VSA onttrek finaal uit Irak te midde van volgehoue onstabiele



Die Pentagon het Woensdag bevestig dat die laaste Amerikaanse troepe en militêre toerusting Irak verlaat het. Die finale Amerikaanse onttrekking vanaf die Erbil-lugbasis in die Koerdistan-streek sluit meer as twee dekades se Amerikaanse militêre teenwoordigheid in Irak af, sonder dat daar met vertroue verklaar kan word dat die sending geslaagd was.

Irak is steeds uiters onstabiel, Iran-gesteunde milisies is sterker as in jare en politieke onstabiele kan in die toekoms tot groot uitdagings in die groter streek lei. Dit is nie juis 'n rekord waarop die Amerikaners trots kan wees nie, veral nie nadat die Irak-oefening die lewens van 4 500 Amerikaners gekos het nie. Die oorlog in Irak het ook die Amerikaanse belastingbetaler 'n allemintige \$1,79 biljoen aan direkte uitgawes uit die sak gejaag. Die VSA het wel 'n deurslaggewende rol in die stryd teen die Islamitiese Staat gespeel.

In 2003 het die Amerikaanse weermag vinnig van Saddam Hoesein en sy regering ontslae geraak. Wat daarop gevolg het, het egter die Amerikaanse bevolking se skeptisisme oor hul land se militêre betrokkenheid in die Midde-Ooste vir minstens 'n geslag of twee wesenlik laat verdiep. Die lewensverlies en finansiële koste van die oorloë in Irak en Afganistan het ook 'n omgewing geskep vir sterker stemme aan beide kante van die politieke spektrum teen Amerikaanse intervensie, veral in die Midde-Ooste.

Donald Trump was natuurlik een van die sterkste stemme teen Amerika se Midde-Oosterse oorloë. Juis daarom was daar soveel twyfel onder sy eie ondersteuners en binne sy party toe hy in Februarie 'n militêre operasie teen Iran goedgekeur het. Hoewel lewensverliese die afgelope sewe maande tot 19 Amerikaanse soldate beperk is, het die feit dat die konflik langer voortduur as waarvoor Trump gehoop het, tesame met die stygende koste van die oorlog en die gevolge van volgehoue hoë oliepryse, meer slegte as goeie nuus vir die Amerikaners meegebring.

Irak se premier, Ali al-Zaidi, wat in Mei 2026 as 'n kompromis-kandidaat sonder 'n eie politieke party aan bewind gekom

het, het Woensdag se finale Amerikaanse onttrekking as die begin van 'n nuwe fase van soewereiniteit vir Irak beskryf. Volgens hom is Irak se instellings sterker as ooit in die afgelope 23 jaar en kan Irak se veiligheidsmagte nou self stabiliteit verseker. Of dit moontlik is te midde van honderde aanvalle deur Iran-gesteunde milisies die afgelope paar maande, sal gesien moet word. Irak het dalk 'n mate van binnelandse vrede, maar die bestanddele vir groter konflik en onstabiele is nog net so teenwoordig as op enige tydstip die afgelope 23 jaar.

In Washington het die Trump-administrasie Woensdag die onttrekking as belangrike vordering bestempel en dit beskryf as die oorgang na 'n "normale bilaterale veiligheidsverhouding" tussen die twee lande. Die werklikheid is meer ingewikkeld. Die VSA handhaaf steeds, met goeie rede, 'n groot militêre teenwoordigheid regoor die Midde-Ooste. Van die ergste aanvalle op Amerikaanse weermagbasisse die afgelope paar maande was juis afkomstig vanuit Irak en is deur Iran-gesteunde groepe uitgevoer. Hierdie groepe kan in die komende weke, maande en selfs jare nog heelwat uitdagings vir die Amerikaners en die VSA se bondgenote in die streek bied.

Die onttrekking uit Irak kom enkele weke ná die 25ste herdenking van die terreuraanvalle van 11 September 2001. Aanvanklike Amerikaanse eensgesindheid ná die aanval en steun vir die oorlog teen terreur en selfs die oorloë in Afganistan en Irak, het plek gemaak vir skeptisisme, partypolitieke verdeeldheid en 'n voorkeur vir uiters beperkte buitelandse militêre betrokkenheid.

Woensdag se onttrekking volg op die chaotiese, dodelike onttrekking van die Amerikaanse weermag op 30 Augustus 2021 aan Afganistan. Die onttrekking uit Irak was ten minste minder gevaarlik en ontwrigtend. Die situasie in Afganistan is vandag erger as voor die Amerikaanse oorlog daar.

In Irak is die resultate gemeng. Saddam se diktatuur is verby en die Islamitiese Staat is grootliks verslaan, maar die staat is onstabiel en onvoorspelbaar. Daar is

tekens van sterk ekonomiese herlewing, 'n terugstoot teen terreurgroepe, maar ook 'n sterk teenwoordigheid van militante groepe wat die land weer maklik in die toekoms kan destabiliseer.

Die grootste risiko in Irak bly Iran se proksies. Groepe soos Kataib Hezbollah en Harakat al-Nujaba, deel van die Popular Mobilization Forces, weier om hul wapens in te handig. Hulle het die Amerikaanse teenwoordigheid as verskoning gebruik om hulself aan te hou bewapen en het die afgelope week die VSA se onttrekking as 'n oorwinning gevier. Verskeie Amerikaanse burgers is die afgelope paar weke in Irak gyselaar geneem en hierdie groepe het meer as 400 aanvalle op Amerikaanse teikens die afgelope sewe maande uitgevoer. Hulle beskou Al-Zaidi bloot as 'n Amerikaanse proksie.

Vir die Koerde in die noorde van Irak, is die VSA se onttrekking slegte nuus en kan dit hulle selfs nog meer blootstel, soos wat die geval was tydens die opkoms van die Islamitiese Staat in 2014, toe laasgenoemde groot dele van Koerdistan beset het.

Die VSA se onttrekking uit Irak kan ook Teheran se posisie in Irak, Libanon, Jemen en Sirië versterk, omdat proksies in hierdie lande dikwels wapens via smokkelroetes deur Irak ontvang. Lande soos Saoedi-Arabië, Turkye, die Emirate en kleiner Golflande is almal bekommerd hieroor. Intussen probeer die Trump-administrasie 'n finale einde aan sy konflik met Iran bring. Die Amerikaners is egter deeglik bewus dat enige uitkoms wat Iran se invloed in die stryd kan laat verdiep, slegs tot meer en groter probleme in die toekoms kan lei.

Die Amerikaanse weermag se onttrekking uit Irak die afgelope week is 'n belangrike mylpaal. Hoewel dit moes gebeur, bevestig die omstandighede waarin dit plaasvind egter ook dat die Midde-Ooste se probleme nog lank nie opgelos is nie. Dit is egter duidelik dat 'n meerderheid Amerikaners wil sien dat hul land in die toekoms minder betrokke moet wees in die soeke na daardie oplossings. **N**

**Kleynhans is hoof van openbare skakeling by Solidariteit.*

Nee Kemp, regs is ook onverdraagsaam



REPLIEK

Johan Erasmus

Ek voel genoop om op James Kemp se artikel "[Daar is nie 'n Afrikaner-debat nie](#)" van 25 September repliek te lewer.

Kemp is 'n gebalanseerde gespreksvoerder en ek beleef hom as emosioneel gematig, nuuskierig en nieverdedigend. Sy *Raakpraat*-program is 'n bewys hiervan, en hierdie eienskappe is opnuut bewys toe hy persoonlik repliek op sy artikel uitgenooi het. Dit is in daardie gees wat ek graag van sy "mites" wil aanroer.

Om te insinueer dat die sogenaamde regs redelik en verdraagsaam is, terwyl die sogenaamde linkses die aggressors is, is 'n groot sprong. Niemand hoef my te oortuig dat "linkses" hulle gereeld sleg gedra nie. Die sosiale geregtigheidsbeweging, veral in Noord-Amerika en later Suid-Afrikaanse nabootsers daarvan, het die *cult* in *Cancel Culture* gesit en met godsdienstige ywer enige ketters uit die kerk van politieke korrektheid verdryf.

Maar om te dink dat die regs die toonbeeld van gesonde debat is, is absurd. Trouens, die laaste paar jaar het bewys dat enigiets wat die "linkses" kan doen, die "regs" beter kan doen.

Betereinders word herhaaldelik as "beterkruipers" uitgejou. Ek is 'n kader-boetie, 'n "joiner" en volgens Renaldo Gouws en 'n paar ander ouens op YouTube deel van die ANC-intelligensiediens. Betereinders is ook glo deel van 'n groot BEE-kickback-skema, wat druk op my huwelik plaas aangesien my vrou die internet glo, maar nie die geld sien nie. Tussenin is daar 'n paar sosiale media-doodsdreigemente (swak gespel).

Gaan lees die reaksies op enigiets wat

Ruda, Max of Piet skryf, en dit word duidelik dat dit nie net die linkses is wat die probleem is nie. Selfs al skryf arme Theuns Eloff oor die belangrikheid daarvan om Afrikaans te beskerm, word hy steeds nie in die Netwerk24-kommentaarafdeling vir sy Dakar-uitstappie vergewe nie.

In die aanlyn wêreld tussen Afrikaners en Afrikaners is ek bevrees die kleinste bietjie introspeksie toon dat niemand onskuldig is nie.

Die regs is eintlik konserwatief, maar die linkses is regtig links.

As 'n sogenaamde "linkse" het ek pas 'n tesis van meer as 200 bladsye geskryf waarin ek kritieserasteorie kritiseer. Twee akademici by twee verskillende universiteite het my saggies weggewys omdat hulle bekommerd was oor die politieke onkorrektheid van die onderwerp.

Ek is baie ongemaklik met baie van wat ek in die Black Lives Matter-beweging gesien het, en ek is baie ongemaklik met marxisme. My idees oor grondhervorming en regstellende aksie stem nie in alles met Kemp s'n ooreen nie, maar dit is beswaarlik 'n onkritiese aanvaarding van linkse populistiese beleid.

Ek kan nie namens Max, Piet en ander praat nie, maar uit die bietjie wat ek al van hulle gelees het, is hulle nie marxiste nie. Hulle spreek hulle teen "Kill the Boer" uit en is krities teenoor die ANC en partye links daarvan.

Barend La Grange van Dialoog vir Aksie se *claim to fame* is juis dat hy dorpe soos Kroonstad, Coligny, Senekal en ander gemobiliseer het om hul eie dorpe self om

te draai. Dit is net nie gedrag wat ek met die term "linkses" assosieer nie.

Maar hier het Kemp 'n punt: Waar ek met die stuk moet saamstem, is dat dit nie 'n gelyke debat is nie.

Oor die laaste paar jaar het die meeste Afrikaners in die arms van die groter Solidariteit Beweging gaan skuiling soek. En daarom, as 'n mens een klaskaptein kon stuur om ons Afrikaners te verteenwoordig, sou dit Flip moes wees.

Of Ruda, Max en selfs ek daarvan hou of nie, die realiteit is: *The tribe has spoken*.

Selfs my gematigde vriende wat hul neuse optrek vir Orania, Bokkie Week en Steve, sal in die geheim 'n aftrekorder teken.

In daardie opsig is opposisie teen sommige van die beweging se posisies maar 'n geval van Dawid wat sy vyf klippies langs die stroom optel om teen die reus te veg.

Daardie geveg hoef egter nie in Amerikaanse kultuuroorlogsterme gevoer te word nie.

Barend la Grange verdien nie om "links" genoem te word nie, net soos Werner Human nie verdien om "regs" genoem te word nie. Hulle verskil, maar nie soos marxiste en fasciste verskil nie. Eerder soos 'n liberale en 'n konserwatiewe sou verskil.

Ek beskuldig geensins vir Kemp van die volgende nie, maar wel die breër diskoers.

Solank ons ons teenstanders as 'n tipe Nazi etiketteer, is daar regtig nie 'n Afrikaner-debat nie. **N**

**Erasmus is verbonde aan die Betereinders*

SÊ HALLO VIR MEER KLIËNTE!

ADVERTEER IN NUUSWEEK

FM Pretoria

BEREIK JOU TEIEKENMARK

MEER SIGBAARHEID VIR JOU BESIGHEID

Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die **volgende vlak** te neem.

Stuur 'n e-pos na

advert@pretoriafm.co.za

Afrikaners weet wat dit is om te rou



Vroeër in my lewe het ek as toeroperateur my op 'n dag in 'n uiters diverse geselskap bevind waar die vraag gevra is waarom Afrika se mooi mooier en dieper is as elders in die wêreld.

Diegene wat al internasionaal kon reis, sal kan getuig dat daar asemrowende plekke in die wêreld is. In Europa, Amerika en Asië slaan die argitektuur, die natuur en die kultuur dikwels jou asem weg.

Afrika se mooi is eenvoudig anders. Daar is n rou bitterheid aan Afrika se mooi wat dit laat ontstaan bo die res. Daar is 'n brutaliteit in ons mooi wat jou deurentyd herinner dat mooi tydelik is. 'n Trotse leemannetjie wat met mag en majesteit oor die veld heers, eindig as 'n uitgehongerde, tandlose geraamte wat deur hiënas opgevrete word.

Ek het die afgelope week die geleentheid gehad om deel te wees van die span wat 3000 kruise op Washington, DC se grasperke geplant het, om aan die wêreld te bewys wat deur ons eie regering ontken word. Dit was ook bitter mooi. Rou mooi. Brutaal mooi.

Dit was emosioneel uitmergelend om deur daardie kruise te stap en te soek na 'n tannie se naam of 'n vriend se oupa se naam. So baie kruise. So baie hartseer. So baie bloed.

Elke kruis het n naam.

Elke naam het n familie.

Elke familie het n storie.

Terwyl ek soek na oom Pieter Hattingh se kruisie, loop ek my vas teen 'n ander naam. Eugene Terre'Blanche.

Die brutaliteit van mooi Afrika tref my tussen die oë. 40 jaar gelede het hierdie naam behoort aan een van die mees kontroversiële vorste in Suid-Afrika. Vandag is hy net nog 'n naam op 'n klein kruisie tussen 2999 ander.

Dit het my laat dink aan die einde van apartheid en dit wat vir konserwatiewe Afrikaners mooi was voor '94. Die totstandkoming van die "nuwe" Suid-Afrika het konserwatiewe Afrikaners verpletter en verlam. Ons het in 'n rouproses ingegaan om te verwerk wat met ons gebeur het.

Ontkenning.

Woede.

Onderhandeling.

Depressie.

Aanvaarding.

Ek was te klein om dit self te kon beleef, maar ek het dit in die grootmense gesien.

Voor die klein kruisie van Eugene Terre'Blanche het ek tot die besef gekom dat konserwatiewe Afrikaners anderkant uit is. Ons het klaar gerou. Ons het aanvaar en vrede gemaak met ons verlede en ons hede. Ons kyk nou vorentoe.

Daar is egter 'n ander groep Afrikaners wat nog nie lank gerou het nie. Die Afrikaners vir Suid-Afrika. Die reënboog-Afrikaners.

Anders as die konserwatiewe Afrikaners wat moes afskeid neem van 'n wêreld waar Afrikanernasionalisme hoogty gevier het, moet die liberale Afrikaners nou afskeid neem van die reënboognasie. Dit is 'n gedane saak. Die reënboogdroom van pres. Nelson Mandela is dood. En net soos die regse Afrikaners deur woede moes worstel om by aanvaarding uit te kom, is dit nou die linkse Afrikaners se plig om deur hulle rou te worstel.

Ons het die afgelope week geweldig baie negatiewe kommentaar, haat, gewetenlose harteloosheid beleef vanaf ons linkse broers en susters. Weereens kom daardie Afrikabrutaliteit na vore. Ontkenning en woede is aan die orde van die dag.

Ons verstaan egter dat daar aan die anderkant van die brutale Afrika-rouproses altyd weer 'n oranje sonsopkoms is.

Aan my mede- konserwatiewe Afrikaners sê ek vandag soos I.D. du Plessis: "Soet is die stryd!" Bly moedig en dapper. Dit is ons tyd om met verantwoordelikheid ons mense die toekoms in te dra. Sit skouer aan die wiel.

Aan ons linkse broers en susters sê ons sterkte vir die proses waardeur julle nou moet worstel. Ons ken die bitterheid van rou, maar daar is altyd môre weer 'n oranje sonsopkoms. **N**

**Roets was betrokke by die oprigting van die wit kruise op die National Mall die afgelope week in Washington, DC.*

Die dubbele standaard vir die Kempton Park-moorde en plaasmoorde dui op verskuilde agenda



Die Suid-Afrikaanse Polisie diens wat die moontlikheid van 'n reeksmoordenaar in die Kempton Park-omgewing ondersoek, en die opruiende reaksie vanaf die algemene publiek en veral vroueregte-aktiviste, het weereens die bestaan van 'n ontstellende dubbele standaard blootgelê.

Terwyl president Cyril Ramaphosa blitsvinnig onlangs, met reg, geweld teen vroue ten sterkste veroordeel het, weier hy ná jare steeds botweg om dieselfde te doen rakende gruwelike plaasmoorde en die "Kill the Boer"-dreunsang.

Terwyl 'n toegewyde, multidissiplinêre, spesiale taakspan in 'n japtrap op die been gebring is om die Kempton Park-vrouemoorde te ondersoek, weier die regering steeds om 'n soortgelyke eenheid vir die ondersoek van plaasmoorde te stig.

Ek merk op dat niemand hierdie Kempton Park-moorde as bloot "normale misdaad" afmaak nie. Jy hoor ook geen politici wat dreunsange sing soos "maak die vroue dood" nie. Neem ook kennis van die feit dat die president nie op 'n internasionale platform verklaar: "Daar is geen moorde

op vroue in Suid-Afrika nie." Akademici en politieke kommentators val nie oor hul voete om die mense wat omgee vir hierdie kwessie, beterweterig daaraan te herinner dat daar meer mans as vrouens per dag in Suid-Afrika vermoor word nie.

Die feit dat hierdie vrouemoorde slegs 'n "klein fraksie" van die totale moorde per dag uitmaak, word ook nie in die gesig geskree van diegene wat daarvoor omgee nie. **N**

Na bladsy 16

Die dubbele standaard vir die Kempton Park-moorde en plaasmoorde dui op verskuilde agenda (vervolg)

Van bladsy 15

News24 is nie koorsagtig besig met 'n heksejag om diegene wat bewustheid skep oor die Kempton Park-moorde op te spoor en die name van hulle en hul geliefdes, asook waar hulle bly, te publiseer nie. Daar is ook 'n merkbare afwesigheid van joernaliste wat grappies op sosiale media maak oor hierdie geweldsmisdade, soos om sarkasties te vra "watter wyn pas die beste" by reeksmoorde op vroue.

Elkeen van hierdie voorbeelde is egter van toepassing op plaasmoorde.

Ek wil nie die wanindruk skep dat ek die kwessie van moorde op vroue as minder ernstig afmaak nie, of dat ek argumenteer dat daar eerder op plaasmoorde gefokus moet word nie.

Hierdie onregverdigbare dubbele standaard moet egter uitgewys word, want dit demonstreer hoe aktiviste teen plaasmoorde nie spesiale behandeling eis nie. Ons eis slegs dat plaasmoorde dieselfde behandeling verdien as enige ander unieke misdade, soos reeds die geval is met prioriteitsmisdade soos geweld teen vroue, bendegeweld, transitoroofogte en renosterstropery.

Party mag dalk sonder kwaadwillige bedoelings beswaar maak en argumenteer dat, hoewel my uitgangspunt geldig is, dit nie nou die regte tyd is om dit te lug nie.

Ná meer as 10 jaar van bewusmaking van en veg teen plaasmoorde, het ek egter besef dat geen week blykbaar die "regte tyd" is om daarvoor te praat nie. Daar is

volgens plaasmoordontkenkers mos altyd ander kwessies wat dringender en ernstiger is en eerder ons aandag verdien.

Na aanleiding van AfriForum se onlangse verslag wat die brutaliteit en die marteling dokumenteer wat met vele plaasaanvalle gepaardgaan, asook die 3 000 kruise vir plaasmoordslagoffers wat onlangs in Washington, DC geplant is, reken ek dis die perfekte tyd om die plaasmoordontkenkers weer in die oë te kyk, hul dubbele standaard bloot te lê en hul verskuilde agendas te ontmasker. Ons is dit aan die slagoffers en hul geliefdes verskuldig. **N**

**Van Zyl is die hoof van Openbare Betrekkinge by AfriForum.*

Wanneer 'n boer vermoor word ...



BOER TOT BORD

Bennie van Zyl

Wanneer 'n boer vermoor word, word daar dikwels net na nog 'n moord in Suid-Afrika se misdade-statistiek gekyk. Elke mens het die reg op lewe en veiligheid, ongeag waar hulle woon, watter beroep hulle beoefen of tot watter gemeenskap hulle behoort.

Maar wanneer 'n boer vermoor word, verloor Suid-Afrika meer as net 'n lewe.

Dit is juis waarom die gesprek oor plaasmoorde nie behoort te verval in 'n politieke argument oor wie se lewe meer werd is nie. Dit gaan nie daaroor om een groep se lyding teenoor dié van 'n ander te stel nie. Dit gaan daaroor dat daar ingrypende gevolge is wanneer 'n persoon wat 'n noodsaaklike ekonomiese en voedselproduserende rol vervul, deur geweld uit die samelewing verwyder word.

Suid-Afrika se moordsyfer bly 'n ernstige nasionale probleem. Die SAPD se eie statistieke toon dat duisende mense steeds elke kwartaal vermoor word.

Na bladsy 16



Wanneer 'n boer vermoor word ... (vervolg)

Van bladsy 16

Die Grondwet is egter baie duidelik: Elke persoon het die reg op lewe en die reg op vryheid en veiligheid, insluitend die reg om vry te wees van alle vorme van geweld. Die Grondwet bepaal ook dat alle regeringsfere die welstand van die mense moet beveilig en effektiewe, verantwoordbare regering moet voorsien.

Teen hierdie agtergrond behoort Suid-Afrikaners nie gewoon te raak aan moord nie.

Daar word tans internasionaal baie aandag gegee aan plaasmoorde in Suid-Afrika. Lex Libertas het onlangs die Witkruisprojek in Washington, DC aangebied, waar 3 000 wit kruise ter nagedagtenis aan slagoffers van plaasmoorde opgerig is. Die doel was juis om die menslike koste van plaasmoorde aan 'n internasionale gehoor bekend te stel.

Daar is verskillende standpunte oor die veldtog en oor die breër politieke interpretasie daarvan. Dit is deel van 'n legitieme openbare debat. Maar waarom sou Suid-Afrikaners kwaad wees omdat die wêreld kennis neem van plaasmoorde?

Die gepaste reaksie behoort

eerder te wees: Dankie dat julle aandag vestig op die probleem. Nou moet ons seker maak dat die volle waarheid oor alle geweld en alle slagoffers vertel word.

Daar is geen rede om enige moord te verdoes, te relativer of minder belangrik te maak nie.

Terselfdertyd kan 'n mens nie ignoreer dat talle plaasaanvalle en -moorde gekenmerk word deur 'n besondere vlak van geweld en wreedheid nie. Daar is ook groot kommer oor politieke dreunsang en uitsprake wat deur sommige mense as aanmoediging tot geweld geïnterpreteer word. Juis daarom moet enige oproep tot geweld, ongeag wie dit rig of teen wie dit gemik is, onvoorwaardelik verwerp word.

Wat verloor ons wanneer 'n boer verloor word?

Hier lê die groter vraag.

Suid-Afrika se bevolking beslaan volgens die jongste Stats SA-raming ongeveer 63,5 miljoen mense. Indien 'n mens die dikwels gebruikte orde-grootte van ongeveer 32 000 kommersiële boerdery-eenhede as illustrasie gebruik, beteken dit dat elke boerdery-eenheid gemiddeld verantwoordelik is vir voedselvoorsiening wat uiteindelik duisende mense se tafels raak.

Die syfer moet nie letterlik geïnterpreteer word asof elke individuele boer direk vir presies 2 000 mense voedsel produseer nie. Dit illustreer eerder die strategiese omvang van die landbouprodusent se rol.

Verlies van 'n boer is ook verlies aan jare se ervaring, kennis, grondkennis, be-stuursvermoë en gevestigde produksie-sisteme. Landbou is nie 'n bedryf waarin 'n mens vandag instap en môre dieselfde vlak van kundigheid en produksie bereik nie. Kennis word oor dekades opgebou en dikwels van een geslag na die volgende oorgedra.

Wanneer 'n plaas gevolglik ná 'n moord nie meer volhoubaar voortgaan nie, kan die gevolge veel verder as die plaashek strek.

Werkseleenthede kan verlore gaan. Diensverskaffers verloor inkomste. Plaaslike winkels en ondernemings verloor kliënte. Vervoerders, meganisasiewerkswinkels, veeartse, insetverskaffers en talle ander ondernemings word geraak.

Die plaaslike ekonomie verloor 'n produksiepunt en die staat verloor belasting-inkomste. Die lyn van boer na bord kry seer.

En natuurlik verloor 'n gesin 'n eggenoot, pa, ma of kind.

Met Suid-Afrika se amptelike werkloosheidskoers wat in die tweede kwartaal van 2026 op 33,6% gestaan het, kan die land dit eenvoudig nie bekostig dat produktiewe ondernemings deur geweld tot stilstand kom nie.

Die vraag behoort daarom nie te wees: Waarom praat julle so baie oor plaasmoorde? nie.

Die vraag behoort te wees: Waarom gebeur enige moord in Suid-Afrika, en wat doen ons om dit te bekamp?

Wanneer 'n boer vermoor word, verloor ons 'n mens. Terselfdertyd ook 'n produsent, werkgewer, entrepreneur, mentor, belastingbetaler, gemeenskaplid en draer van opgeboude landboukennis.

Daarom is plaasveiligheid nie net 'n landbou-aangeleentheid nie. Dit is 'n nasionale veiligheids-, ekonomiese en voedselvoorsieningskwessie.

Die Grondwet belowe dat Suid-Afrika 'n land sal wees waarin elke burger deur die reg beskerm word. Dit is nie 'n guns wat die staat aan sy burgers bewys nie. Dit is 'n grondwetlike verantwoordelikheid.

Wanneer die president

van die land in die internasionale arena, na aanleiding van 'n vraag, verklaar dat daar nie plaasmoorde in Suid-Afrika is nie, terwyl hy terselfdertyd tereg die land toespreek oor geslagsgeweld en moorde op vroue, ontstaan daar 'n ongemaklike teenstrydigheid. Daar is geen probleem daarmee dat die president standpunt teen geslagsgeweld inneem nie – intendeel, dit is noodsaaklik. Maar wanneer die geheelbeeld van die moorde wat daagliks in Suid-Afrika plaasvind in ag geneem word, kan 'n mens nie anders as om te vra waarom die regering met so 'n selektiewe benadering na 'n nasionale veiligheidskrisis kyk nie. 'n Regering se eerste verantwoordelikheid behoort te wees om die lewe en veiligheid van alle burgers te beskerm. Wanneer dit nie gebeur nie, begin die vraag ontstaan of ons nie met 'n regering te doen het wat toenemend afwesig is waar dit juis die nodigste is nie. Wanneer daardie verantwoordelikheid nie nagekom word nie, betaal uiteindelik die hele Suid-Afrika die prys. **N**

**van Zyl is die hoofbestuurder van TLU SA*

Plaasveiligheid is 'n nasionale veiligheids-, ekonomiese en voedselvoorsieningskwessie.

Die doel was juis om die menslike koste van plaasmoorde aan 'n internasionale gehoor bekend te stel.

Pretoria se handige landdros

Uittreksel met aanpassings uit Deur dik en dun – lekker kos en stories uit ou Pretoria deur Riana Mulder



PRETORIA
HISTORIA

Riana Mulder

Die Engelsman William Skinner het in 1850 in Suid-Afrika aangekom saam met sy vrou, Charlotte, en vriende Lionel en Louis Devereux. In Natal is hulle deur Andries Pretorius gehuur om sy huis op sy plaas Grootplaats, naby Pretoria, te bou. Al drie die mans was ook betrokke by die oorspronklike uitlê van die dorp, en het o.a. die eerste kerkie op die kerkplein, die Goewermentsgebou en die tronk gebou.

Nes Lang Piet Marais het William Skinner aktief deelgeneem aan dorpsake, en hy het byvoorbeeld op die komitee gedien wat hulle beywer het vir die stigting van skole vir die seuns en meisies van die dorp. Hy het ook by die politiek betrokke geraak, en is uiteindelik aangestel as die landdros.

Sy eerste vrou is tragies dood in 'n wa-ongeluk naby die huidige Hartebeespoortdam, en William is daarna getroud met 'n kleindogter van Piet Retief, Debora Wilhelmina Landman. Saam het hulle 17 kinders gehad. William was 'n betrokke en liefdevolle vader wat probeer het om vir sy kinders 'n behoorlike opvoeding te gee.

Sy woonhuis, The Bungalows, was op die hoek van Markstraat en die straat wat sy naam dra, Skinnerstraat, en was so indrukwekkend dat sir John Kotze, die regter van die hoërhof in Transvaal, vasbeslote was om dit eendag te besit. Hy het dit dan ook gekoop toe die Skinners hulle uiteindelik op hulle plaas net buite Pretoria gaan vestig het.

Daar word vertel dat Albert Brodrick, eienaar van die eerste kroeg, op die partytjie wat die Skinners gehou het om hulle plaashuis se dak nat te maak, plegtig teenoor Skinner aangekondig het dat die dorp se mense besluit het dat die plaas se naam Skinner's Court moet wees (wat natuurlik ook gesinspeel het op die feit dat Skinner die landdros was).

So lojaal aan sy nuwe land was Skinner dat hy, as Engelsman, tydens die Britse anneksasie uit sy pos as landdros bedank het omdat hy nie vir "sy vrou se volk se



William Skinner as 'n jongman.
[Foto: Geni.com]



Debora Wilhelmina Landman, sy tweede vrou. [Foto: Geni.com]

vyande" wou werk nie. Hy het net na die einde van die anneksasie weer sy pos ingeneem.

Toe Pretoria se geliefde mak Ingelsman op 15 Junie 1885 skielik aan 'n longsiekte oorlede is, was die hele dorp in rou: Met sy baie groot begrafnis het die vlae halfmas gehang, en die Volksraadsitting

is gekanselleer uit respek. Ironies genoeg is sy goeie vriend Louis Devereux net twee weke later ook aan longontsteking oorlede en blykbaar in dieselfde graf as William begrawe.^N

**Mulder is die redakteur van Pretoria Historia wat gelees kan word by www.pretoriahistoria.com*



Die woonhuis op Skinner se plaas, "Skinner's Court".
[Foto: Pretoriana Aug-Des 1963]



Die Boekeblad

met Graffiti Boeke

Nuut op die rak



Ingekluis – Tertius Janse van Rensburg

LUCA Uitgewers, R320



Hoe los jy die poging tot jou eie moord vanuit 'n hospitaalbed op?

Privaatspeurder Rikus Anker word wakker in 'n veld, bebloed en vas-gevang in 'n liggaam wat weier om te reageer. Hy kan nie beweeg of 'n geluid maak nie. Wat is fout met hom?

Uiteindelik word Rikus ontdek, en in die hospitaal kom die dokters tot die gevolgtrekking dat daar geen hoop vir Rikus is nie, en dat hy nooit weer 'n normale lewe sal kan lei nie. Maar tot sy frustrasie kan Rikus wel sien, hoor en dink, al kan hy dit nie oordra nie. Hy staar 'n eensame stryd in die gesig om nie toe te gee aan wanhoop nie terwyl hy probeer uitvind hoe hy in hierdie toestand beland het.

Erna, sy vasberade sekretaresse, glo dat hy sal herstel en probeer intussen haar bes om sy besigheid aan die gang te hou. Nadat Sanna, 'n algemene werker met rotsvaste geloof, agterkom dat Rikus een oog kan knip, ontdek hulle dat hy aan Locked-in-sindroom ly. Uiteindelik kan Rikus weer kommunikeer, al is dit net letter vir letter.

Rikus worstel met die God waarin hy nie regtig glo nie, maar met die ondersteuning en die gebede van diegene rondom hom word hy toenemend bewus van God se teenwoordigheid in sy lewe. Maar die situasie word gevaarlik terwyl Rikus probeer om die aanval op sy lewe te ontsyfer voordat die aanval die werk kom klaarmaak – veral nou dat die lewens van die mense vir wie hy omgee ook bedreig word.

Sal hy die raaisel van wie hom en Erna dood wil hê betyds kan oplos? Sal hy ooit uit die bed kan opstaan om uit die hospitaal te kan loop soos Sanna glo hy sal? En waar is God in die gemors?

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

O goeiste! 'n Boek vol glibberige, grillerige en vreemde kreature in Suider-Afrika – Engela Duvenhage

LAPA, R230



Hierdie boek is PROPVOL feite oor allerhande diere en kreature van Suider-Afrika.

Lees oor glibberige, grillerige, stinkerige, stekelrige en vreemde plante, diere en insekte. Leer ook meer oor die mense wat vir sommige ontdekkings van spesies of diere verantwoordelik is. Die beste boek vir enige iemand wat lief is vir feite oor die natuur!

Ook beskikbaar in Engels – Creepy!

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

Anderkant die water – Ronel du Plessis

LUCA Uitgewers, R320



Niks is ooit weer dieselfde nie.

In 2021 gebeur die ondenkbare. Ronel du Plessis en oud-Bok Jannie du Plessis se seuntjie Jan-Nathaniël verdrink op tien maande by die huis in hulle swembad.

In 'n oogwink verander alles. Waar begin mens om die stukkie op te tel? Hoe bly jy staande na iets só onverstaanbaar, só onregverdig met jou gebeur? Hoe hou jy jou familie bymekaar met soveel hartseer in die huis?

Anderkant die water is die vergestaltung van Ronel se soeke na antwoorde en genesing. Sy wend haarself na haar kuns, en begin om haar seuntjie, haar woede en haar hartseer uit te beeld met woorde, illustrasies, skilderye. Enigiets wat help om uiting te gee aan die onverwerkbare emosies in haar.

Niks is ooit weer dieselfde nie. Maar met hierdie boek wys sy ook dat daar tóg hoop anderkant die dood is. Hierdie boek is 'n huldeblyk aan hulle seun, 'n verwerking van hulle hartseer, 'n rekord van 'n ma se rou, en die storie van 'n hart se herstelling en die terugkeer van hoop.

Bestel dit aanlyn by
www.graffitibooks.co.za

TOPVERKOPERS



Hier is die week se topverkopers:

- 10 **Vlam van die sprokkelhout**
– SD Fourie
- 9 **Douwenis**
– Daniel Lotter
- 8 **Bethulie**
– Rensche van der Walt
- 7 **Van man tot man**
– Olive Schreiner
- 6 **Grensloos**
– Wilna Adriaanse
- 5 **Brandstapel**
– Marie Lotz
- 4 **Rebekka van Kameeldoorplaas**
– Irma Joubert
- 3 **Jagspinnepkop**
– Erla Diedericks
- 2 **Blinde kol**
– Martin Steyn
- 1 **Op Lig**
– Thilde Nel

Wen al drie die boeke!



'n Gelukkige leser het die kans om hierdie boeke te wen.

Al wat jy hoef te doen om vir die prys in aanmerking te kom, is om die volgende vraag te beantwoord:

Wie het Ingekluis geskryf?

Whatsapp jou antwoord saam met jou naam en **volledige** adres na **072 386 5997**.

Inskrywings sluit Maandag
05 Oktober 2026.

Die wenner sal lukraak gekies word en in volgende week se Nuusweek aangekondig word.

Die pryswenner se boeke sal deur Graffiti versend word en alle navrae moet direk aan Graffiti gerig word by info@graffitibooks.co.za

Wenner van 25 Sept 2026 se boekekompetisie is: Antoinette Buchanan van Benoni

Al hierdie boeke sowel as ander nuwe vrystellings en topverkopers is nou beskikbaar by

www.graffitiboeke.co.za

teen **10% afslag**.



Die genade van kleingeloof

Nuusprogramme soos Pretoria FM se Klankkoerant bly gewild omdat dit vir ons sê wat in die wêreld gebeur – en veral wat met die ekonomie gebeur. Ons luister na nuus oor die rand, die markte en kommoditeitspryse. In tye van politieke en ekonomiese onsekerheid is dit opvallend hoe goud gewoonlik in waarde styg. Beleggers beskou dit as 'n veilige hawe: Hoe onsekerder die wêreld, hoe groter die soeke na sekuriteit.

Gelowiges sal sê dat hulle iets kosbaarder as goud besit: geloof. Wanneer werksekerheid wankel, die ekonomie druk, misdaad ons ontstel of die toekoms van ons land onseker voel, hoor ons maklik: “Ons geloof sal ons hierdeur dra.” Dit klink vroom, maar daar skuil ook 'n gevaar daarin.

Geloof op sigself is immers nie ons veilige hawe nie; Christus is. Geloof is die gawe waardeur God ons juis van onself af

wegwys na Hom. Ons kan so gefikseer raak op die sterkte van ons geloof dat geloof self 'n prestasie word: As ek net harder glo, sterker glo, meer glo, sal God sekerlik optree.

Maar wat gebeur wanneer jou geloof klein voel? Wanneer 'n geliefde sterf, jy jou werk verloor of die dinge waarvoor jy gebid het, nie gebeur nie? Dan sê ons maklik: “My geloof is te klein.”

Hier is die pa van die maansieke kind waarvan ons in Markus 9:24 lees se verhaal vir ons so kosbaar. In sy hulpeloosheid vra hy dat Jesus sy kind moet genees, maar toe Jesus hom vra of hy glo, antwoord hy onseker: “Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!” Sy kleingeloof word genade, want dit dwing hom om nie op die kwaliteit of die kwantiteit van sy geloof te vertrou nie, maar op die Een in wie hy glo. Die wonder is dat Christus ten spyte van sy kleingeloof sy kind genees.



Charles Spurgeon vertel van 'n man wat graag juwele vir sy vrou koop as teken van sy liefde. Maar as sy só verlief raak op die juwele dat sy haar man vergeet, sou dit juis liefdevol wees as hy die juwele wegneem sodat sy hom weer raaksien. So kan die Here selfs toelaat dat ons gevoel van sterk geloof by tye wankel wanneer ons meer op die gawe as die Gewer van die gawe vertrou.

Ons probeer so maklik met vol hande na God kom – met ons toewyding, ons liefde, selfs ons geloof. Maar die evangelie leer ons om met leë hande te kom. Daarom kan daar groot genade in kleingeloof wees. Dit leer my weer om weg te kyk van myself na Christus, die Begin en Voleinder van die geloof, en te sing:

“Leeg, net met my sondelas, hou ek u verdienste vas.” **N**



Pres. M.T Steyn is op 2 Oktober 1857 gebore. Hy was 32 jaar jonger as pres. Paul Kruger. Steyn was die sesde en laaste Staatspresident van die Oranje-Vrystaat, vanaf 1896 tot 1902. Waar pres. Kruger 78 was toe hy oorlede is, was pres. Steyn net 59 toe hy in 1916 gesterf het.

Die Britse Vloot het op 2 Oktober 1901 hul eerste duikboot te water gelaat. Die Wright-broers se eerste masjien-aangedrewe vliegtuig sou twee jaar later in Amerika opstyg. Van die waters onder die aarde tot in die wolke daar bowe.

Die koerant *Die Volksblad* het op 2 Oktober 1925 die eerste keer as 'n dagblad in

Bloemfontein verskyn. Dit is reeds vanaf 1904 in Potchefstroom as 'n weekblad, *Het Westen*, gepubliseer. *Die Volksblad* se laaste papieruitgawe is op 8 Augustus 2020 gedruk.

Die oorlogsflik *The Bridge on the River Kwai* wat onlangs weer op Netflix beskikbaar gestel is en wat destyds die Oscar as Beste Rolprent ontvang het, se wêreldpremière het op 2 Oktober 1957 in

Londen plaasgevind.

Laastens, die Engelse musikant, sanger, liedjieskrywer, aktivis, akteur en filantroop Gordon Sumner, beter bekend as Sting, vier vandag sy 75ste verjaarsdag. Sting was die hoofsanger en liedjieskrywer van die rockgroep The Police voordat sy sololoopbaan begin het. Die liedjie “Every Breath You Take” was een van sy grootste treffers. **N**



Pres. M.T Steyn



The Bridge on the River Kwai



Gordon Sumner (Sting)

JOU BESIGHEID VERDIEN OM GESIEN TE WORD!
ADVERTEER IN NUUSWEEK
BEREIK JOU TEIKENMARK!

Laat een van ons konsultante jou help om jou besigheid na die volgende vlak te neem.

Stuur 'n e-pos na

adverteer@pretoriafm.co.za

Wilson Bayly Homes (JSE - WBO)

Die daaglikse lyngrafiek het betrekking.



Agtergrond

Wilson Bayly Homes is 'n plaaslike konstruksieaatskappy.

Kernbevinding

Die MACD-indikator sal bo die nullyn opwaartse momentum bevestig.

Die sprong in volume is opvallend. Die kopers sal eers gelukkig wees bo R140,00.

Let daarop dat lyn A en die 50-dag-bewegende gemiddeld basies bymekaar is. Dit bevestig die belangrikheid van die plek op die grafiek.

Bo lyn A (R141,03) kan die dalende wig (moontlik positief) in werking tree, en as die momentum na bo hou, kan die aandeel oor tyd dalk na R152,78.

Onder R135,51 kan die aandeel laer daal en die positiewiteit van die tafel vee. Moontlike teikens na onder is: R134,30; R133,59; R132,60; R131,26; R130,23; R129,11 en R128,78.

Vir spekulante – koop of gaan lank bo lyn A (R141,03), slegs indien u glo dat bogenoemde tegniese beskrywing presies soos bespreek en uitgewys op die grafiek sal uitwerk, maar gebruik R135,51 as keerverlies om kapitaal te beskerm. Die moontlike teikens na bo is: R141,51; R142,67; R143,82; R141,60; R140,18;

R139,34; R138,59; R137,78; R136,56; R135,51; R134,23; R132,45; R134,56; R136,61; R138,21; R140,67; R142,87; R144,61; R146,62; R148,77; R150,22 en R152,78.

Vir medium- tot langtermynbeleggers – doen dieselfde as die spekulante en hou ook by hulle keerverlies om kapitaal te beskerm. Die 50-dag- bewegende gemiddeld (rooi lyn – R147,61) is 'n goeie sentimentsbarometer vir beleggers – onder die gemiddeld is beleggers sku vir die aandeel, maar bo die gemiddeld is hulle positief.

Belangrike vlakke om dop te hou

Indien die instrument kopers lok bo lyn A, kan die instrument dalk beweeg na: R141,51; R142,67; R143,82; R141,60; R140,18; R139,34; R138,59; R137,78; R136,56; R135,51; R134,23; R132,45; R134,56; R136,61; R138,21; R140,67; R142,87; R144,61; R146,62; R148,77; R150,22 en R152,78.

Opsomming

Koop of gaan lank bo R141,03, maar gebruik R135,51 as keerverlies om kapitaal te beskerm.

Gevolgtrekking

Optimisme is aan die opbou, maar nog nie

bevestig nie, maar bo lyn A kan ons nuwe momentum na bo verwag.

Vrywaring

Opinies rondom markte loop met bepaalde markrisiko's. Raadpleeg u beleggingsadviseur voordat u beleggingsbesluite neem. Hierdie tegniese opinie is die tegniese ontleder se eie opinie en moet geensins geag word as finansiële advies nie.

Nuusweek en Pretoria FM aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige uitkoms wat voortspruit uit hierdie inligting nie.

Frans de Klerk

Onafhanklike tegniese ontleder verbonde aan fransdeklerk.com
Tel: 082 900 9996



Bekom vandag nog jou droompos op www.solidariteit.co.za. Met meer as 700 poste beskikbaar per dag, is hierdie jou eenstopplatform vir werk – in Afrikaans!

Klik op poste vir meer info



Bestuursposte

Ons Plek Horison Naskoolsentrum:

Sentrumbestuurder - Solidariteit Helpende Hand

Ons Plek en Sentrum | Horison, Roodepoort |

Sluitingsdatum: 09/10/2026

Elektriese

ELECTRICAL TECHNICIAN / ELECTRICIAN

(PROGRAMMING & AUTOMATION)-

Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria |

Sluitingsdatum: 03/10/2026

Finansies

SAIPA Clerk – BCom Accounting – Fluent in

Afrikaans- Placement Dynamics | Moreleta Park,

Pretoria | Sluitingsdatum: 03/10/2026

Junior Finansiële Klerk - Nobleteq | Centurion |

Sluitingsdatum: 07/10/2026

Debiteur Klerk - Telwiedre Voere | Heilbron |

Sluitingsdatum: 09/10/2026

Finansiële Assistent / Boekhouer - Talent

Evolution (Pty) Ltd | Woodhill Golf Estate,

Pretoria | Sluitingsdatum: 09/10/2026

Gasvryheid

Barista - Badenhorst Psigometrie | Strand, Cape

Town | Sluitingsdatum: 03/10/2026

IT

IT Veld Tegnikus - SmartRetail | Highveld,

Centurion | Sluitingsdatum: 05/10/2026

Mid to Senior level Data Centre and

infrastructure Support Engineer - Stepco

Recruitment Pty Ltd | Pretoria / Centurion |

Sluitingsdatum: 09/10/2026

Internskappe

LABORATORY INTERN - Placement Dynamics

| Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum:

03/10/2026

Kommunikasie & Bemarking

MARKETING GRADUATE / BUSINESS

DEVELOPMENT TRAINEE - Placement Dynamics

| Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum:

03/10/2026

MARKETING EXECUTIVE - Placement Dynamics

| Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum:

03/10/2026

Kombuisposte

Hoof Sjef - Afriborn Operations (Edms) Bpk |

Rivonia, Sandton | Sluitingsdatum: 05/10/2026

Maatskaplike Werkers

Orania Helpmekaar: Maatskaplike werker

- Orania Ontwikkelingsmaatskappy (OOM) |

Orania | Sluitingsdatum: 07/10/2026

Bestuurder / Maatskaplike Werker (5/8-pos)

- Living Network Krisissentrum | Bellville, Cape

Town | Sluitingsdatum: 09/10/2026

Onderwys

PRESCHOOL ENGLISH TEACHER – CHINA-

Placement Dynamics | Moreleta Park, Pretoria

(pos in China) | Sluitingsdatum: 03/10/2026

Fisiese Wetenskappe Gr. 10-12 en

Natuurwetenskappe Gr. 8 & 9 - Hoërskool

Strand | Strand, Cape Town | Sluitingsdatum:

05/10/2026

Lektor: Pas en Draai - Sol-Tech

Beroepsopleidingskollege | Pretoria |

Sluitingsdatum: 06/10/2026

Lektor: Meulmaker - Sol-Tech

Beroepsopleidingskollege | Pretoria |

Sluitingsdatum: 06/10/2026

Verkope

SALES EXECUTIVE - Placement Dynamics |

Moreleta Park, Pretoria | Sluitingsdatum:

03/10/2026

Winkel bestuurder - Juniper and Jasmine

| Brooklyn, Pretoria | Sluitingsdatum:

06/10/2026

Winkel Assistent - Vellie Boutique | Boksburg

North | Sluitingsdatum: 09/10/2026

Werkgewers kan
GRATIS hul poste
adverteer by
www.solidariteit.co.za



www.solidariteit.co.za

SÊ HALLO VIR **MEER KLIËNTE!**

ADVERTEER IN
NUUSWEEK



BEREIK JOU
TEIEKENMARK



MEER SIGBAARHEID
VIR JOU BESIGHEID

Laat een van ons konsultante jou help om
jou besigheid na die **volgende vlak** te neem.
Stuur 'n e-pos na



adverteer@pretoriafm.co.za



Australië wen derde EDI, Proteas beklink reeks

Australië het die derde en laaste eendag-internasionale (EDI-) wedstryd teen Suid-Afrika met 45 lopies, bereken volgens die Duckworth-Lewis-Stern (DLS-) metode, gewen. Dit nadat reën Woensdagaand die wedstryd by die JB Marks Oval in Potchefstroom beëindig het. Die Proteas het egter die reeks 2-1 beklink ná oorwinnings vroeër in Durban en op die Wanderers.

Australië het eerste gekolf en 322/9 aangeteken. Alex Carey was hul voorste kolwer met 74 lopies, terwyl kaptein Mitchell Marsh 56 van 42 balle aangeteken het. Suid-Afrika se boulders het gereeld paaltjies geneem, veral wanneer Australië se kolwers momentum begin kry het. Corbin Bosch was die uitblinker met 4/60, terwyl Gerald Coetzee 2/61 geneem het.

Die Proteas se jaagtog is egter bemoeilik toe Tony de Zorzi in Australië se beurt 'n dyspierbesering opgedoen het en nie kon kolf nie. Ryan Rickelton was onoorwonne op 71 toe reën die wedstryd onderbreek en later beëindig het, met Suid-Afrika op 145/4. Bosch was op 13 nie uit nie.

Suid-Afrika het vooraf vyf veranderinge aan hul span aangebring, met Marco Jansen, Keshav Maharaj en kaptein Temba Bavuma wat ruskans gekry het. David Miller, wat die Speler van die Wedstryd in die tweede EDI was, is ook uitgelaat.

Nqobani Mokoena het sy eerste wedstryd van die reeks gespeel, terwyl Aiden Markram 'n belangrike rol as bykomende draaibalbouler gespeel het.

Australië speel môre en Sondag 'n tweedag-opwarmingswedstryd teen 'n KSA-uitnodigingspan in Potchefstroom voordat die eerste Dafabet-toets van die reeks van drie wedstryde volgende week begin.



Intussen het die Proteas se keuringspaneel 'n voorlopige groep van 18 spelers vir die eerste Dafabet-toets aangekondig. Dié toets word van 9 tot 13 Oktober op Kingsmead in Durban gespeel.

Die 30-jarige Marques Ackerman is die enigste onervare speler in die groep en sal sy toetsbuiging maak ná 'n uitstekende vertoning as speler en kaptein van die Suid-Afrika-A-span. Ackerman het meer as 1000 lopies in sy laaste 10 eersteklas-wedstryde vir SA-A aangeteken teen 'n gemiddeld van 82,92, met vier honderdtalle en 'n beste telling van 256 teen Bangladesj-A.

Die snelbouler Kagiso Rabada is ingesluit in die groep, alhoewel hy nog herstel van 'n dyspierbesering. Ottneil Baartman, Kwena Maphaka en Lungi Ngidi is nie vir keuring oorweeg nie omdat hulle steeds van hul onderskeie dyspierbeserings herstel.

Gerald Coetzee, Anrich Nortjé en Dane Paterson keer terug na die toetsgroep.

Die hoofafrigter, Shukri Conrad, sê die hoeveelheid boulders wat ingesluit is, gee die span meer opsies, terwyl voorbereidings wat tans aan die gang is sal help om te bepaal of Rabada wedstrydfiks sal wees vir die eerste toets.

Wat die kolfwerk betref, het die Proteas hul kernspelers behou. Conrad het spesifiek Ackerman se leierskap en kolfprestasies vir SA A geloof en sê hy verdien die geleentheid om aan die toets deel te neem. **S**

Voorlopige Proteas-toetsgroep (teen druktyd):

Temba Bavuma (k), Marques Ackerman, David Bedingham, Corbin Bosch, Gerald Coetzee, Tony de Zorzi, Simon Harmer, Marco Jansen, Keshav Maharaj, Aiden Markram, Wiaan Mulder, Senuran Muthusamy, Anrich Nortje, Dane Paterson, Kagiso Rabada, Ryan Rickelton, Tristan Stubbs en Kyle Verreynne.

Suid-Afrikaanse spanne maak skoonskip in eerste rondte van VRK

Die Suid-Afrikaanse en Skotse spanne het die eerste naweek van die nuwe Verenigde Rugbykampioenskap (VRK)-seisoen oorheers, terwyl al vier Ierse spanne hul openingswedstryde verloor het. Dit is die eerste keer sedert 2009 dat Ierland sonder 'n oorwinning die eerste rondte afsluit.

Die 10Bet Lions het een van die grootste oorwinnings behaal toe hulle die verdedigende kampioene, Leinster, in Johannesburg naelskraaps met 27-26 geklop het. Die vleuel Erich Cronje het twee drieë gedruk en is as die Speler van die Wedstryd aangewys.

Die DHL Stormers het hul seisoen met 'n 29-15-bonuspuntoorwinning oor Connacht in Galway begin, die Hollywoodbets Sharks het die Ospreys met 41-24 in Durban verslaan, terwyl die Vodacom Bulls met ses drieë 'n oortuigende 47-13-oorwinning oor Zebre in Italië behaal het.

In Skotland het Edinburgh vir Ulster met 34-29 in Belfast geklop, terwyl die Glasgow Warriors teruggeveg het om Munster met 26-20 in Limerick te klop.

In die Walliese derby het Cardiff Rugby die Scarlets 21-15 in Llanelli geklop, terwyl die wedstryd tussen Benetton Rugby en Dragons in Treviso met 'n 19-elkgelykopuitslag geëindig het. Die Dragons



Ronde 2 VRK-bepalings:

Vrydag 2 Oktober

20:45 Benetton Rugby vs. Connacht
20:45 Edinburgh vs. DHL Stormers
20:45 Cardiff Rugby vs. Zebre

Saterdag 3 Oktober

13:45 10bet Lions vs. Ospreys
16:00 Dragons vs. Llanelli Scarlets
18:30 Hollywoodbets Sharks vs. Leinster
18:30 Glasgow Warriors vs. Ulster
20:45 Munster vs. Bulls

se losskakel, Tinus de Beer, het in die laaste minuut 'n kans gehad om die kragmeting vir sy span te beklank, maar sy doelskop van die kantlyn af het die regoppaal getref.

Tans beklee die Bulls, Sharks en Stormers die eerste drie plekke op die punteleer met vyf punte elk, met die Lions in die sewende plek met vier punte. **S**

Vroue-Bokke oorrompel Italië, maar teen 'n prys

Die Springbok-vroue sal sonder Libbie Janse van Rensburg en Ayanda Malinga in hul laaste wedstryd van die WXV-reeks in Sevilla teen Spanje te staan kom.

Janse van Rensburg het verlede naweek 'n enkelbesering tydens die Springbok-vroue se 41-29-oorwinning oor Italië opgedoen, terwyl Malinga steeds sukkel met 'n kniebesering wat sy 'n week vroeër teen Wallis opgedoen het. Albei het na Suid-Afrika teruggekeer vir verdere mediese behandeling.

Mary Zulu het intussen by die span aangesluit om die losskakelposisie in te neem. Die 23-jarige Zulu het in Mei laas vir die Bok-vroue tydens die Afrikabeker-toernooi in Kenia gespeel. Sy was ook verlede maand kaptein van die Suid-Afrikaanse vroue-A-span tydens hul toer na Brasilië.

Na die komende naweek se kragmeting sal die vrouespan volgende maand hul 2026-seisoen met 'n toetsreeks van twee wedstryde teen Ierland in Kaapstad afsluit.

Sondag se wedstryd teen Spanje skop om 12:00 af. **S**



Libbie Janse van Rensburg

Nuwe Varsity Netbal-kampioene gekroon

Die Universiteit van Johannesburg (UJ) is vanjaar se Varsity Netbal-kampioene nadat hulle die verdedigende kampioene, NWU Arende, die pas afgelope Maandagaand met 56-44 in die eindstryd by die Mahikeng Groot Saal geklop het. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die kompetisie dat UJ die titel verower.

UJ het van die begin af die wedstryd beheer met goeie verdediging en konstante druk op die Arende. Hulle het ná die eerste kwart met 14-11 voorgeloop.

Die Arende het in die tweede kwart goed teruggeveg en UJ se voorsprong verklein, maar UJ het kalm gebly en teen rustyd 'n voorsprong van 27-24 gehad.

Tydens die derde kwart het UJ na 'n hoër rat oorgeskakel, met die Arende wat gesukkel het om balbesit te behou en hul ritme te vind. UJ het die derde kwart met 'n 46-30-voorsprong afgesluit.



Die Arende het in die laaste kwart alles gegee, maar UJ het hul voorsprong vergroot

en uiteindelik met 56-44 geseëvier om hul eerste Varsity Netbal-titel te beklink. **S**

Hoë pryse verwag tydens SA20-veiling

Die Betway SA20 Seisoen 5-spelersveiling vind op Woensdag 7 Oktober in Johannesburg plaas. Die vyfde seisoen van Suid-Afrika se voorste T20-liga begin op 17 Januarie 2027, met die eindstryd wat vir 21 Februarie geskeduleer is.

Spanne het reeds hul verkose spelers en voorafgekontraakteerde spelers bepaal. Die finale groepgrootte bly 19 spelers per span. Die Durban's Super Giants en Paarl Royals-spanne het reeds hul volledige groepe saamgestel, wat beteken dat 19 plekke tydens die veiling beskikbaar sal wees vir die ander vier spanne.

Elke speler wat vir die veiling inskryf, kry 'n reserweprys, wat die minimumbedrag is waarvoor hy gekoop kan word. Dié bedrag kan egter hoër wees indien verskeie spanne op 'n speler bly.

Van die belangrike veilingreëls wat die Joburg Super Kings, MI Cape Town, Pretoria Capitals en die Sunrisers Eastern Cape in gedagte sal moet hou, is onder andere 'n salarisbeperking. Elke span het R42 miljoen om aan spelers te bestee, met 'n gesamentlike R35,025 miljoen wat beskikbaar is om op spelers te bly. Dit is die hoogste salarisbeperking, buite Indië, onder franchise-T20-ligas.

Verder moet elke span slegs 19 spelers hê, wat een troefkaartspeler insluit, met ten minste 11 Suid-Afrikaanse spelers, 'n maksimum van sewe buitelandse spelers en ten minste twee Suid-Afrikaanse spelers wat 23 jaar of jonger is. Die Joburg Super Kings en MI Cape Town moet nog albei minstens een jong speler by hul groepe voeg.

Vyf van die ses spanne se troefkaartspelers is reeds bevestig, met Heinrich Klaasen wat by die Durban's Super Giants is, Kagiso Rabada by MI Cape Town, Joe Root by die Paarl Royals, André Russell by Pretoria

Capitals en Marco Jansen by die Sunrisers Eastern Cape. Die Joburg Super Kings moet nog hul troefkaartspeler teen 30 Desember vanjaar bekend maak.

Die fondse wat elke span se beursie laat bult, is R20,6 miljoen vir Joburg Super Kings, met ses spelers wat benodig word om die span voltallig te maak; R9,35 miljoen vir MI Cape Town met ses spelers wat benodig word; R1,475 miljoen vir die Pretoria Capitals met vyf plekke wat gevul moet word en Sunrisers Eastern Cape wat twee spelers sal moet koop met R3,6 miljoen. **S**

